

God is Heilig

• Psalm 99

Psa 99:1-5 Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag. Hy troon oor die gerubs: die aarde sidder van ontsag. (2) Groot is die Here, Hy wat in Sion is, hoog verhewe bo al die volke. (3) Hulle moet u groot en gevreesde Naam prys: "U is heilig!" (4) U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig. (5) Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!



Rom 5:1 God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.

Heb 10:38-39 Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. (39) Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.

Effek van Sonde



Gen 3:8-9 Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. (9) Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

Gen 6:11-13 Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; (12) Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. (13) Toe sê God vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.

Num 14:11-12 Die Here het vir Moses gesê: "Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het? (12) Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei, en dan sal Ek jou 'n volk maak, groter en sterker as hulle!"

**2 Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde
geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons
kan word geregtigheid van God in Hom.**

**Joh 3:17-18 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur
om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur
Hom gered kan word. (18) Wie in Hom glo, word nie
veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat
hy nie in die enigste Seun van God glo nie.**

Efes 2:8-10 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. (9) Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. (10) Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

1Pet 1:15-16 Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. (16) Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig."

Effek van reg glo

1. Vrygespreek, regverdige
2. Lewe reg
3. Jy wil by God wees
4. Jy prys die Here
5. God bewaar jou

1Thess 5:22-24 en bly weg van alles wat sleg is. (23) Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! (24) Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.



Woord reinig jou

Geloof

Heb 1:1-2

In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.